

## PROKUREURSEKSAMEN

### DEEL 4 BOEKHOU

16 OKTOBER 2018

14:00-16:15

Totaal: [100]

*Kandidate kry 15 minute om die vraestel deur te lees voor hulle begin skryf. Geen kandidaat mag tydens hierdie tyd in die antwoordboek begin skryf nie. Die eksamen van 2 uur volg dan.*

1. Kandidate mag sakrekenaars gebruik.
2. By beantwoording van vrae moet die betrokke inskrywings duidelik geïdentifiseer, omskryf en uiteengesit word.
3. Afsonderlike besigheids- en trustkasboeke, asook kliëntegrootboekrekeninge moet geopen word en moet nie gekombineer word nie. Joemaalinskrywings moet behoorlik beskryf en geïdentifiseer word.
4. Skryfassebliefslegs in pen op die regterkantsebladsye.
5. Tensy daar 'n spesiale rede bestaan, word 'n kandidaat nie vir 'n mondeling in hierdie deel ingeroep as 50% of meer behaal is nie. Indien 'n kandidaat minder as 40% behaal sal hy/sy nie kwalifiseer vir 'n mondeling nie en sal hierdie deel drup.

## ATTORNEYS' EXAMINATION

### PART 4 BOOKKEEPING

16 OCTOBER 2018

14:00-16:15

Total: [100]

*Candidates are allowed 15 minutes to peruse the paper before starting to answer the questions. No candidate may start writing in the answerbook during this period. The examination of 2 hours then follows.*

1. Candidates may use calculators.
2. In answering the questions you should ensure that the relevant entries are clearly identified, narrated and detailed.
3. Separate business and trust cash books and clients' ledger accounts must be opened and are not to be combined. Journal entries must be properly identified and narrated.
4. Please write only in pen on the right-hand pages.
5. Except if a special reason exists, a candidate will not be required to do an oral in this part if 50% or more is attained. If a candidate achieves less than 40% he/she will not qualify for an oral and will have failed this section.

**VRAAG 1 [15]**

U besigheidskasboek toon op 30 September 2018 'n balans van R250 000. Die bankstaat wys op diesefde dag 'n balans van R565 900.

'n Vergelyking van die kasboek en die bankstaat vir September 2018 wys die volgende:

1. Rente van R33 900 op die gunstige balans is nie aangeteken in die kasboek nie.
2. 'n EFT betaling aan 'n kliënt van R24 000 op 30 September 2018 geskeduleer vir betaling op 1 Oktober 2018 verskyn net in die kasboek
3. 'n Deposito van R100 000 gemaak op 28 September 2018 verskyn nie op die bankstaat nie.
4. 'n EFT van R300 000 deur 'n kliënt is nie aangeteken in die kasboek nie.
5. 'n Deposito van R120 000 is verkeerdlik aangeteken in die kasboek as R102 000.
6. 'n Deposito van R50 000 wat in die kasboek aangeteken is, verskyn nie op die bankstaat nie.
7. 'n Trustdeposito van R90 000 is verkeerdlik op die besighedsrekening gekrediteer.

**U moet opstel:**

- a. Die aanvullende kasboek vir September 2018.
- b. Die bank rekonsiliasiestaat soos op 30 September 2018.

**VRAAG 2 [25]**

U moet die joernaalinskrywings maak met volle besonderhede om die volgende aan te teken (noem die joernale):-

**QUESTION 1 [15]**

Your business cashbook balance on the 30 September 2018 reflected a balance of R250 000. The bank statement balance on the same date was R565 900.

A comparison of the cashbook and the bank statement for September 2018 reveals the following:

1. Interest of R33 900 on the favourable balance has not been entered in the cash-book.
2. An eft payment to a client for R24 000 on the 30 September 2018 scheduled for payment on 1 October 2018 appears only in the cash book.
3. A deposit of R100 000 made on the 28 September 2018 is not reflected on the bank statement.
4. An EFT of R300 000 from a client has not been entered in the cash book.
5. A deposit of R120 000 incorrectly recorded in your cash book as R102 000.
6. A deposit of R50 000 which was entered in the cash book does not appear on the bank statement.
7. A trust deposit of R90 000 has erroneously been credited to the business account.

**You are required to prepare:**

- a. The supplementary cashbook for September 2018.
- b. The bank reconciliation statement as at 30 September 2018.

**QUESTION 2 [25]**

You are required to prepare fully narrated Journal entries to record the following: - Identify the Journals:-

- |     |   |      |   |
|-----|---|------|---|
| 2.1 | Seëlsvan R2500 is van seëls in voorraad getrek vir ABC (PTY) Ltd.   | 2.1  | Disbursements of R2 500 have been incurred from stamps on hand for Company ABC (Pty) Ltd.                             |
| 2.2 | U kliënt Pumla skuld u R9 000 en u hou R15 000 namens haar, u is geregtig om 'n oordrag te maak.                              | 2.2. | Your client Phumla owes you R9 000 and you hold R15 000 on her behalf. You are entitled to effect a transfer.         |
| 2.3 | U korrespondent het u 'n toelaag van 20% gegee op fooi van R20 000. Voorsien BTW teen 15%.                                    | 2.3. | Your Correspondent has given you a 20% allowance on fees of R20 000. Provide for Vat at 15%.                          |
| 2.4 | U boekhouer het verkeerdelik Carnation se trustrekening met R35 000 gekrediteer in plaas van Petunia se trustrekening.        | 2.4. | Your bookkeeper has erroneously credited Carnation's Trust account with R35 000 instead of Petunia's Trust account.   |
| 2.5 | U gee u kliënt Pete 'n afslag van 10% op fooie van R10 000 en BTW van R1500 wat alreeds gehef is. Teken die vermindering aan. | 2.5. | You allow your client Pete a 10% reduction on fees of R10 000 and Vat of R1500 already charged. Record the reduction. |
| 2.6 | U ontvang advokaat se brevet gemerk R26 000 in Mev Divorce se saak.   | 2.6. | You receive Counsel's brief marked R26 000 in Mrs Divorce's matter.   |
| 2.7 | U hef teen u kliënt Mr Debtor R2200 rente op 'n agterstallige rekening.   | 2.7. | You charge your client Mr Debtor R2200 interest on an overdue account.  |
| 2.8 | U vra u kliënt X 'n fooi van R50 000 plus R7 500 BTW.   | 2.8. | You charge your client X, a fee of R50 000 plus Vat of R7 500.  |

**VRAAG 3** [30]

U kliënt Mnr Koper het 'n huis gekoop van Mnr Verkoper vir R1500000 betaalbaar met 'n deposito van R500000. 'n Finansiële instelling het 'n verband van R1000000 goedgekeur. Alle transport- en verbandkoste is vir rekening van die koper.

Hieronder is die betrokke besonderhede:

Julie 06 - Mnr Koper betaal u deposito van R500 000 kontant en R125 000 per tjek vir oordrag- en verband koste.

Julie 07 - U ontvang 'n bankwaarborg vir R1000000.

Julie 08 - U betaal hereregte van R90000.

**QUESTION 3** [30]

Your client Mr Purchaser has purchased a home from Mr Seller for R1500000, payable with a deposit of R500000. The financial institution has approved a mortgage bond of R1000000. All transfer and bond costs are to be paid by Mr Purchaser.

The following are the detail:

July 6 - Mr Purchaser pays you the deposit of R500000 cash and R125000 by cheque for the transfer and bond cost.

July 7 - You receive a bank guarantee for R1000000.

July 8 - You pay transfer duty of R90000.

Julie 11 – U belê R500000 in 'n trust belegging ten voordele van die koper.

Julie 26 – Die oordrag en verband word geregistreer.

Julie 26 – U verreken aan Mnr Verkoper en Mnr Koper. U debiteer Mnr Koper met R15000 fooie. U ontvang R5000 rente namens Mnr Koper.

U moet die bovermelde transaksies in u trust en besigheidsrekeningboeke aanteken. Plaas die bedrag waarop u geregtig is, oor na die besigheidsbankrekening. Geen voorsiening vir BTW is nodig nie.

**VRAAG 4 [30]**

U kliënt Buthelezi gee u opdrag om R90 000 in te vorder verskuldig deur Mohamed. U doen die volgende:

- a) Hef 'n opdragfooie van R2000 plus 15% BTW;
- b) Betaal 'n opspoorder R5000;
- c) U ontvang 'n EFT betaling van Mohamed van R50 000;
- d) Betaal Suid Afrikaanse Inkomstediens die verskuldigde BTW.

**U moet:**

- 1. Bostaande transaksies in u rekeningboeke aanteken.
- 2. Volledig aan u kliënt verreken en 'n afrekening staat opstel. Invorderingskommissie is beperk tot R2000 plus BTW.
- 3. Oordra na u besigheidsrekening waarop u ookal geregtig is.

July 11 - You invest R500000 in a Trust investment for the benefit of the purchaser.

July 26 - The transfer and bonds are registered

July 26 - You account to Mr Seller and Mr Purchaser, debiting Mr Purchaser a fee of R15000. You receive R5000 interest from Mr Purchaser.

You are required to record all the transactions in your trust and business books of account. Transfer the amount you are entitled to, to your business banking account. No provision need be made for VAT.

**QUESTION 4 [30]**

You client Buthelezi instructs you to collect R90 000 owing by Mohamed. In carrying out the instructions you:-

- a) charge an instruction fee of R2000 plus Vat of 15%;
- b) Pay a Tracing Agent R5000;
- c) You receive an EFT of R50 000 from Mohamed;
- d) Pay South African Revenue Services the Vat due.

**You are required:**

- 1. Record the above transactions fully in your Books of Account.
- 2. Account fully to your client and prepare an accounting statement. Collection commission is limited to R2000 plus VAT.
- 3. Transfer whatever you are entitled to your Business Account.

**- DIE EINDE -**

**- THE END -**